Tendense van lewende wildverkope 2009

Flippie Cloete en Pieter Taljaard
Eenheid vir Lewendehawe- en Wildlewe-ekonomie, Department Landbou-ekonomie, UVS

Soortgelyk aan die vorige seisoene het wildsveilingspryse in 2009 oor die algemeen onveranderd gebly in vergelyking met pryse behaal gedurende die 2007- en die 2008-seisoen. Die algemene sywaartse beweging van wildspryse die afgelope drie seisoene gaan gepaard met ’n konstante daling in die hoeveelheid wild verkoop. Ten spyte van ’n daling in hoeveelhede verkoop, is ’n nuwe rekordomset van R183 miljoen gedurende 2009 behaal. Dit verteenwoordig ongeveer ’n 11% toename vergeleke met die totale omset behaal in 2008.

Tabel 1 toon die gemiddelde wildsveilingspryse behaal op amptelike wildsveilings van 2007 tot 2009. Die gemiddelde pryse van 2007 tot 2009 toon ’n rekeningkundige gemiddeld wat direk vergelykbaar is, asook ’n gesamentlik geweegde gemiddelde prys vir 2009. Laasgenoemde prys verteenwoordig ’n gemiddelde prys wat geweeg is in terme van die verhouding manlike tot vroulike diere op amptelike wildveilings verhandel.

Die pryse van buffels en swartwitpense blyk die enigste sogenaamde skaars/eksotiese spesies te wees wat hul stygende prystendens van 2007 af voortgesit het. Hierdie spesies het die eerste keer in drie seisoene ’n afname in hoeveelhede verhandel getoon. Hoër pryse gedurende 2009 korrespondeer dus met ’n daling in hoeveelheid. Die daling in hoeveelheid is egter nie die enigste aandrywer vir die prys van skaars spesies nie, aangesien vorige seisoene gekenmerk is deur ’n volgehoue toename in prys en hoeveelhede verhandel. Die toename in prys van hierdie spesies kan dus ook toegeskryf word aan, onder meer, die algehele groei in die bedryf in die eerste instansie, asook die huidige ekonomiese klimaat; met, in die tweede instansie, finansiële markte wat onderpresteer het en in sekere gevalle steeds onder druk is. Soos voorheen gesien, kan druk op finansiële markte bydra tot verhoogde investering in die wildbedryf, wat dikwels gesien word as ’n alternatiewe “investeringshawe” en spesifiek vir skaars/eksotiese spesies, veral oor die afgelope twee jaar. ’n Verdere bydrae tot die prys van spesifiek buffels is die aanbieding van Oos-Afrikagenetika op plaaslike veilings. Vroulike diere van hierdie afkoms het gedurende die 2009-seisoen tot R540 000 stuk op veilings behaal, wat ’n aansienlike toename in die gemiddelde pryse teweeg gebring het. Die oorblywende eksotiese/skaars spesies toon min fluktuasie in pryse en hoeveelhede verhandel in vergelyking met 2008.

Die prys van **katspesies**, en spesifiek dié van gewone leeus, het oor die afgelope jaar 'n skerp daling getoon in vergelyking met 2008. Die daling moet egter in perspektief gesien word, aangesien die gemiddelde 2008-prys vir leeus grootliks bepaal is deur pryse behaal op die veiling van Tswarelano en Bandur Safaris in die Limpopoprovinsie, waar leeumannetjies tot R180 000 stuk behaal het. In vergelyking met pryse van 2007 en selfs vroeër, blyk dit dat leeu pryse stadig opwaarts beweeg, ten spyte van die kontroversie rondom wetgewing.

Die gewildheid van groter soogdiere soos witrenosters, het op sigself 'n aansienlike daling oor die afgelope seisoen getoon. Die hoeveelhede verhandel het sedert 2007 feitlik onveranderd gebly, met die meerderheid diere verhandel tydens 2009 afkomstig van nasionale parke. Die verlaagde prys kan dus grotendeels toegeskryf word aan 'n moontlike daling in vraag. Die vraag na hierdie diere word hoofsaaklik gestimuleer uit beide die toerisme- en trofeejagvertakkings. In vergelyking met prystendense van ander skaars/eksotiese spesies blyk die uitwerking van sukkelende finansiële markte dus meer sigbaar te wees op die prys van spesifiek renosters as wat eers verwag is.

Tabel 1: ***Gemiddelde wildsveilingspryse 2007 tot 2009***

EENHEID VIR LEWENDEHAWE EN WILDLEWE-EKONOMIE, DEPT LANDBOU-EKONOMIE, UVS *					
	GEMIDDELDE WILDSVEILINGSPRYSE			GEWEEGDE GEMIDDELDE WILDSVEILINGSPRYSE 2008 46 VEILINGS R	GEWEEGDE GEMIDDELDE WILDSVEILINGSPRYSE 2009 45 VEILINGS R
Wildspesie	2007 49 Veilings R	2008 46 Veilings R	2009 45 Veilings R		
Bastergemsbok	67 532	67 738	62 993	69 010	62 992
Basterhartbees	12 693	12 320	11 280	13 002	11 279
Bengaalse tier - gewoon		24 000		24 000	
Blesbok - wit	1 795	1 742	1 785	1 558	1 785
- gewoon	1 161	1 156	1 328	1 067	1 328
- geel		4 100	3 418	4 100	3 417
Blouwildebees	2 276	2 617	2 439	2 106	2 439
Bontebok	6 625	6 988	5 500	6 482	5 500
Bosbok	3 276	4 073	4 057	4 486	4 056
Buffel - skoon	108 253	164 126	246 878	174 904	246 877
Buffel - water			27 500		27 500
Dassie	203	250		250	
Duike - grys	1 459	1 387	1 183	1 387	1 182

Eland - gewoon	5 633	6 605	6 879	5 523	6 879
- Livingstone	12 726	14 491	15 191	14 395	15 191
Emoe			1 875		1 875
Gemsbok	4 011	4 310	4 762	4 443	4 762
Goue- wildebees	170 000	171 667	197 149	190 667	197 149
Hiëna		5 600		5 600	
Jagluiperd		47 071	50 000	49 889	50 000
Kameel			19 578		19 758
Kameelperd	13 673	16 118	13 647	16 736	13 646
Koedoe	4 009	4 991	4 894	3 175	4 894
Kuifkoptarentale			1 000		1 000
Lama	5 375	6 000	1 300	6 000	1 300
Lichtensteinse hartbees	95 714	90 000	100 000	90 000	100 000
Lechwe	11 350	9 946	10 175	9 814	10 175
Leeu - gewoon	7 429	97 500	28 469	97 500	28 469
Njala	6 635	7 217	7 455	6 612	7 455
Rietbok	4 694	5 515	4 218	6 352	4 217
Rooibok - gewoon	982	1 153	1 099	941	1 099
- swart	38 370	38 787	53 412	38 787	53 412
Rooihartbees	3 861	4 138	4 409	3 863	4 409
Rooiribbok	1 949	2 159	1 910	2 159	1 909
Rooikat		1 600	2 375	1 600	2 375
Sebra - vlakte	4 894	5 265	5 248	5 265	5 248
- Hartmannse	11 233	10 596	16 688	10 596	16 687
- berg			17 750		17 750
Seekoei	25 034	41 000		38 000	
Soenie			5 511		5 511
Springbok - gewoon	616	1,108	866	942	865
- hartwater	5 952	7 753	4 065	7 753	4 065
- swart	2 088	2 167	2 001	2 289	2 000
- wit	3 341	1 778	3 952	1 602	3 951
- koper	5 785	4 250	6 406	4 250	6 405
- Kalahari	1 092	1 117	1 553	1 034	1 553
Steenbok	1 450	2 100	1 761	2 100	1 761
Swartwildebees	3 019	2 825	2 435	3 080	2 434
Swartwitpens	63 607	71 462	121 827	80 492	121 826
Takbok (Fallow deer)	1 575	3 000	2 500	3 000	2 500
Vlakvark	790	533	1,133	533	1 133
Volstruis	1 262	1 491	1 285	1 491	1 285
Waterbok	6 095	6 197	6 006	5 666	6 005
Wildehond		2 000	1 013	2 000	1 012
Witrenoster	204 443	274 712	220 064	275 861	220 063

*Kopiereg voorbehou (Eenheid vir Lewendehawe en Wildlewe-ekonomie, Departement Landbou-ekonomie, UVS)

Ten spyte van matige fluktuasies, blyk die algemene prystendens van gewone wildspesies relatief onveranderd in vergelyking met 2008 te wees. Spesies wat egter nie so gereeld op veilings verhandel word nie soos basterhartbees, geel-blesbok, bontebok, bosbok, duiker, ens het egter 'n klein, maar merkbare daling in pryse getoon.

Verskeie spesies het gedurende die 2009-seisoen ook hul rekordpryse wat voorheen behaal is, oorskry of geëwenaar. Tabel 2 gee 'n aanduiding van rekordpryse behaal deur die onderskeie spesies. Let egter daarop dat slegs sekere spesies hul rekordpryse in 2009 oorskry het; desnieteenstaande word alle spesies se hoogste pryse oor die afgelope 17 jaar vertoon. In totaal het nege van die 63 spesies hul hoogste pryse in 2009 behaal of geëwenaar en word dienooreenkomstig uitgelig[1]. Ander spesies het ook rekordpryse behaal aangesien 2009 die eerste jaar was waarin hierdie spesies op veilings aangebied is – dit sluit bakoorjakkals (R5 250); bloukraanvoël (R15 000) en koper-hartwaterspringbok (R15 000).

Tabel 2: *Rekord-wildveilingspryse 2009*

Wildspesie	REKORDPRYSE R	Wildspesie	REKORDPRYSE R
Addax	40 000	**Njala**	26 000
Bastergemsbok	205 000	**Olifant**	90 000
Basterhartbees	22 500	**Rietbok**	8 000
Bengaalse tier - gewoon	40 000	**Rooibok - gewoon**	3 550
Blesbok - wit	4 700	**- swart**	160 000
- gewoon	3 100	**- swartneus**	8 000
- geel	3 000	**- **splits**	6 900
****Blouwildebees**	20 000	**- **swartrug**	190 000
Bontebok	15 500	****Rooihartbees**	8100
Bosbok	8 100	**Rooiribbok**	4 200
****Buffel - skoon**	520 000	**Rooikat**	3 500
****Buffel - water**	27 500	**Sebra - vlakte**	11 000
Bosvark	1 250	**- Hartmannse**	18 000
Bergbok	3 600	**- berg**	25 000
Bergskaap	4 000	**Seekoei**	61 000
Dassie	1 100	**Soenie**	4 800
Duiker - grys	4 750	**Springbok - gewoon**	2 400
- blou	3 700	**- hartwater**	17 000
Dwergbok	3 160	**- wit**	6 400
Eland - gewoon	27 000	**- koper**	9 000
- **Livingstone	41 000	**- Kalahari**	2 650
Emoe	4 500	**Steenbok**	3 750
Eekhoring	120	**Swartwildebees**	4,400

[1] ** Rekordpryse in 2009 behaal of geëwenaar

Gemsbok	7 000	**Swartwitpens**	252 500
Grysbok	2 500	**Scimitar/Sabelgemsbok**	22 000
Gekolde katte	10 200	**Springhaas**	60
****Goue- wildebees**	250 000	**Swartrenoster**	602 500
Hiëna	500	**Takbok - Fallow deer**	3 200
Jagluiperd	28 000	**- Red deer**	1 200
Kameel	19 500	**Vaalribbok**	6 000
Kameelperd	27 000	**Vlakvark**	3 500
Klipspringer	7 400	**Volstruis**	4 700
****Koedoe**	20 500	**Waterbok**	15 500
Kuifkoptarentale	1 200	**Wildekat**	1 800
Lama	5 500	**Witrenoster**	720 000
Lichtensteinse (mof-) hartbees	110 000	**Wallabie-haas**	6 000
Lechwe	23 000	**Wildehond**	15 500
Leeu - gewoon	300 000	**Ystervark**	500
Luiperd	40 000	**Zambiese swartwitpens**	3 000 000

*Kopiereg voorbehou (Eenheid vir Lewendehawe en Wildlewe-Ekonomie, Departement Landbou-Ekonomie, UVS)

Ten slotte blyk dit dat die wildbedryf steeds in ’n gesonde ekonomiese vakuum verkeer met die vraag na wild wat oor die afgelope paar jaar feitlik onverander gebly het. Die nasionale omset het sy jaarlikse tendense volgehou en weer eens ’n nuwe rekord getoon. Die nuwe hoogtepunt kan ’n weerkaatsing wees van die beleggingsvertroue wat binne die bedryf heers, met die rekordomset wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan ’n toename in die hoeveelhede van hoër-waarde-spesies soos bosbok, kameelperd, ens, wat op veilings verhandel is. Die daling in die hoeveelhede verhandel van meer algemene spesies oor die afgelope paar jaar is ’n moontlike aanduiding dat die privaat handel van wild aan die toeneem is. Oor die algemeen was 2009 blykbaar egter ’n goeie en suksesvolle jaar vir die lewende wildhandelbedryf.